

Vrydag 3 Junie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:1-6; HK Sondag 13, Vraag 34

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:5

Die Naam *Here*

As daar vandag hier by ons gepraat sou word van die Here Jesus en in dieselfde asem van die *Here Obama* of die *Here Mandela*, sal dit gewis ontstel en ons sal dit as afgodery afwys. Vir die gelowiges van die eerste eeu van die Christelike kerk was dit egter, hoewel skokkend, tog nie heeltemal vreemd nie, want destyds is goddelike eer aan die keiser betoon en is hy inderdaad *Here* genoem. Daar is bewyse dat keiser Domitianus *Here en God* genoem is, maar dit kan aanvaar word dat hy nie die enigste keiser was wat so vereer is nie. In die lig daarvan kan 'n mens verstaan dat Paulus in 1 Korintiërs 8:5, 6 sê dat al is daar ook sogenoemde gode en here, *“is daar vir ons nogtans net een God: Die Vader uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.”*

Die Naam “Here” het aangedui wie se eiendom jy is, wie jou baas is. In die tyd waarin slawerny 'n algemene praktyk was, was dit heel gewoon vir 'n slaaf om sy eienaar as *Heer* of *Here* aan te spreek. As ons nou van Christus praat as ons Here, sê ons daarmee dat ons syne is en aan Hom behoort. Hy is ons Heer en Eienaar. Met liggaam en siel, in lewe en sterwe, behoort ons aan Hom (HK So. 1, Antw. 1). Daarom kan die apostel Paulus ook van Hom sê: *“Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here”* (Rom. 14:8). Die Here-wees van Jesus is besonderlik verbind aan die gesag en mag wat die Vader Hom gegee het om wonders te doen, die sonde te versoen, die dood te oorwin en oor alles en almal te heers. Uiteindelik sal almal moet erken en bely: *“Jesus Christus is die Here”* (Fil. 2:11). Van Christus word reeds voor sy kruisiging en opstanding as *Here* gepraat. Trouens, die engel noem Hom Here reeds kort na sy geboorte (Luk. 2:11). Die Naam is egter eers ná sy opstanding in die volle betekenis daarvan gebruik (Hand. 2:36). Dit is ook geen wonder nie, want deur sy kruislyde en opstanding het Christus Homself as oorwinnaar oor die magte van die sonde, die dood en die hel betoon (Matt. 28:18). Die prediking van die apostels was dan ook niks anders nie as die verkondiging van *“Jesus as die Here”* (2 Kor. 4:5). Dit is ook noodsaaklik, want ons kan alleen gered word as ons met die mond bely dat Jesus die Here is en met die hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het (Rom. 10:9; vgl. ook Joh. 20:28). Vir ons is dit 'n heerlike troos om te weet dat ons aan die Here behoort wat al die mag in die hemel en op die aarde het (Matt. 28:12). Nou weet ons dat niks ons ooit van sy liefde kan skei nie (Rom. 8:38, 39).